# BOEKBESPREKING

Albert Huisjen: *The Home Front of Jewish Missions*. Baker Book House Grand Rapids 6, Michigan. 1962.

Die skrywer van hierdie boek het dertig jaar in die sending onder die Jode gewerk en weet dus waarvan hy praat. Ook het hy hierdie boek met l i e f d e geskryf, met liefde vir die Jode, die ou volk van God. Daarom spreek hierdie boek ons so direk aan en tref dit ons in ons gewete! Die skrywer heg baie waarde aan die optrede en motiewe van die apostel Paulus soos hy dit uitdruk in Rom. 11 : 11—15. Hy wil sy eie volk jaloers maak om hulle te red. Die saligheid het tot die heidene gekom om die Jode jaloers te maak. Huisjen voer hierdie uitspraak terug na Deut. 32 : 21.

Vervolgens beskryf Huisjen hoe die Christene hulle in die loop van die geskiedenis teenoor die Jode gedra het. Hy put uit Joodse geskiedenisbeskrywings van Goodman (A History of the Jews, New York, 1943), Milman (History of the Jews, 1883) en Graetz (History of the Jews, 1941). Dis ontstellend hoe sleg die Christene die Jode behandel het. Dit het die Jode afkerig gemaak van die Christene en onwillig om die Evangelie aan te hoor. In die ou Christelike Kerk is die Jode net beskou as die moordenaars van Christus en hulle moes hulle bekeer en laat doop of anders gestraf word. Die biskoppe soos Eusebius en Chrysostomus het die mense opgehits. Wie nie wou gedoop word nie moes vervolg, verjaag, beroof word en hulle huise en sinagoges verbrand word. Hoog het die golwe van woede teen die Jode opgeslaan in die onewewigtige kruistogtetyd; duisende in Rynland byvoorbeeld is gedood. Daarna is hulle slagoffers van dieselfde inkwisisie wat so baie aanhangers van die reformasie tereggestel het. Bekrompe middeleeuse metodes soos valse beskuldigings is op hulle toegepas: hulle sou naamlik bloed van christenkinders gebruik het by die Paasseremonies. Die Reformatore was ook onsimpatiek teen die Jode. Verandering het eers gekom deur die Franse Revolusie! (Ook Joodse revolusie genoem, sê Huisjen).

Met skaamte oor ons eie Christendom lees 'n mens hierdie boek. Waarlik, die Christene het 'n groot fout om te herstel: die Jode verwek tot jaloersheid dat hulle gered kan word!

Die boek eindig met bespreking van die beste maniere om die Jode van vandag te benader.

Die laaste bladsye bevat 'n bibliografie van byna sestig titels.

J. H. Kroeze.

P.U. vir C.H.O.